# ‘n Tyd vir alles

Het julle al in die oggend opgestaan en dan het mamma n bord gekookte kos vir jou reg gehad om te eet?



Nie? Hoekom nie?
Want dit is oggend, dis nie die regte tyd daarvoor nie.
Nou wat maak dit saak?
Wat eet ons dan in die oggende? Ontbyt?

Wie het al gekyk hoe ‘n plantjie groei?
Eers het jy ‘n saadjie wat jy in die grond sit, daarna begin die saadjie ontkiem/groei maar ons kan dit nog nie sien nie dit gebeur onder die grond. Dan begin die plantjie sy blaartjies bo die grond uit stoot om son te kry om verder te kan groei. Die plantjie groei meer en begin dan blomme kry en dan vruggies.



Die stappe vat ook almal lank. Dit vat met party plante 7 dae voor ons ietsie begin sien by die grond uit kom. Met ander plante vat dit weer langer.

Hoekom dink julle werk dit so? Hoekom kan ons nie net ‘n saadjie in die grond sit en woops daar staan ‘n boom nie?

Dit is omdat die Here die plantjie so amazing gemaak het. Daar is soveel goedjies wat agter die skerms gebeur wat ons nie kan sien nie. Die saadjie kry water en dan word hy wakker. Die doppie kraak en die plantjie begin deur breek. Daai nuwe baba plantjie veg so hard om deur die grond te druk, elke dag bietjie meer tot uiteindelik hy sy koppie bo die grond het.

Dit is nog nie die einde vir hom nie. Hy groei en groei en los die doppie van die saadjie agter in die grond. Elke dag groei hy bietjie meer.

Het julle al stil gestaan en kyk of julle kan sien hoe ‘n boom of blom groei? Nee, tog as ons ‘n blom of boom het en ons kyk na so ‘n week sien ons hoe hy gegroei het.

Net so met alles wat in ons lewens gebeur is daar ‘n tyd voor. Elke liewe ding in elke een van julle lewens, maak nie saak hoe groot of hoe klein nie. Elke ding gebeur op die regte tyd.

Good THINGS TAKE Time

# ‘n Tyd vir alles




## Prediker 3:1-2

1 ALLES het sy bepaalde uur, en vir elke saak
onder die hemel is daar 'n tyd:
2 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te
sterwe, 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te roei
wat geplant is,

Baie keer weet ons nie hoekom dit gebeur nie en hoekom dit so lank vat om te gebeur nie. Dit is omdat agter die skerms is die Here besig om goedjies in plek te laat val. Net soos ons nie elke stap van die plant se groei kan sien nie maar op die einde van die dag ‘n pragtige boom of blom het, net so is die Here besig met ons agter die skerms.

In die bybel vertel die Here vir ons dat alles ‘n tyd en ‘n plek het in Prediker 3:1-2


Ek is so dankbaar dat die Here agter die skerms sit en alles so mooi laat uitwerk. Ek het al baie gevoel dat ek nie kan wag om iets goeds te kry nie en dit voel dit vat vir ewig.

Maar ek weet nou dat daar ‘n klomp goed is wat die Here agter die skerms doen sodat als in plek val sodat alles op die regte tyd sal uitwerk.





# ‘n Tyd vir alles

Aktiwiteits blad: Kom ons kleur in.




**Aktiwiteits blad: Kom ons kleur in.**











# ‘n Tyd vir alles

Aktiwiteits blad: Knip die horlosie uit en knip die wysters uit.  Sit die wysters vas met ‘n “split pin paper fastner”. 



# ‘n Tyd vir alles



Dankie Here dat U altyd alles reg laat uitwerk vir my. Dankie dat U agter die skerms besig is om dinge uit te werk sodat dit op die regte tyd in plek kan val. Amen

**Kom ons bid**